JO'ĚL

Joël

1 Die woord van יהוה wat na Jo'ěl, die
seun van Petu'ěl, gekom het.
2 Hoor dit, oudstes, en luister, al julle in-
woners van die land! Het dit in julle dae of
selfs in die dae van julle vaders gebeur?
3 Vertel dit aan julle kinders, en julle
kinders aan hulle kinders, en hulle
kinders aan 'n volgende geslag.
4 Wat die afknyper laat oorbly het, het die
sprinkaan gevreet, en wat die sprinkaan
laat oorbly het, het die voetganger ge-
vreet, en wat die voetganger laat oorbly
het, het die kaalvreter gevreet.
5 Word wakker, julle dronkaards, en huil.
En sanik, al julle wyndrinkers, weens die
mos, omdat dit van julle mond afgesny is.
6 Want 'n nasie het teen My land opge-
kom, sterk en ontelbaar. Sy tande is leeu-
tande, en dit het slagtande soos 'n leeu-
wyfie.
7 Dit het My wingerdstok verwoes en My
vyeboom versplinter. Dit het dit totaal
gestroop en weggegooi, die ranke het wit
geword.
8 Treur soos 'n jongmeisie omgord met 'n
roukleed, oor die man van haar jeug.
9 Graanoffer en drankoffer is afgesny van
die Huis van יהוה. Die priesters, die
dienaars van יהוה, treur.
10 Die veld is verwoes, die grond treur,
want die koring is verwoes, die mos het
opgedroog, die olie het misluk.
11 Die landbouers is skaam, die wynboere
skreeu oor die koring en oor die gars,
want die oes op die land is vernietig.
12 Die wingerdstok het verdroog, en die
vyeboom het verwelk, die granaat, ook
die palm en die appelboom, al die bome
van die land het verdroog, want vreugde,
van die mensekinders het opgedroog.
13 Omgord julle en treur, priesters! Skreeu,
dienaars van die altaar! Kom, oornag in
rouklere, dienaars van my Elohim! Want
die graanoffer en die drankoffer van die
Huis van julle Elohim weerhou.
14 Sonder 'n vasdag af! Roep 'n verga-
dering saam, versamel die oudstes, alle
inwoners van die land in die Huis van
יהוה julle Elohim, en roep na יהוה.
15 Ag, die dag! Want die dag van יהוה is
naby, en dit kom soos 'n vernietiging van
die Almagtige.
16 Is die voedsel nie voor ons oë afgesny,
blydskap en vreugde uit die huis van ons
Elohim nie?
17 Die saad het verrot onder hulle kluite,
die pakhuise is verwoes, die graanskure
afgebreek, want die graan het uitgedroog.
18 Hoe kreun die vee! Die troppe beeste
is onrustig, want hulle het geen weiveld
nie. Ook die troppe kleinvee moet vergaan.
19 Ek roep na U, יהוה, want 'n vuur het
die weivelde van die woestyn verteer, en
'n vlam het al die bome van die veld aan
die brand gesteek.
20 Selfs die diere van die veld smag na U,
want die waterstrome het opgedroog, en
'n vuur het die weivelde van die woestyn
verteer.

2 Blaas 'n ramshoring op Tsijon, en
maak alarm op My afgesonderde berg!
Laat al die inwoners van die land bewe,
want die dag van יהוה kom, want dit is
naby:
2 'n Dag van donkerte en duisternis, 'n
dag van wolke en digte duisternis. Soos
die dagbreek uitsprei oor die berge, kom
'n volk, talryk en magtig, sy gelyke was
nog nooit nie en sal hierna ook nie wees
tot in die jare van die verste geslagte nie.
3 Voor hulle verteer 'n vuur, en agter hulle
brand 'n vlam. Voor hulle lyk die land

© Kopiereg 2004 Ware Verbond – Proeflees uitgawe

soos die Tuin van Ěden, en agter hulle is dit 'n woeste wildernis. En daar is geen ontsnapping van hulle nie.
4 Hul voorkoms is soos die voorkoms van perde, en hulle hardloop net soos ryperde.
5 Soos die lawaai van waens spring hulle oor die bergtoppe, soos die lawaai van 'n vlammende vuur wat stoppels verteer, soos 'n magtige volk wat vir die geveg opgestel is.
6 Voor hulle bewe die volke van angs, alle gesigte verbleek.
7 Hulle hardloop soos helde, hulle klim die muur soos krygsmanne, elkeen gaan sy gang, hulle verander nie van koers nie.
8 En die een druk nie die ander nie, elkeen gaan sy pad. Hulle val tussen die wapens, maar hulle stop nie.
9 Hulle bestorm die stad, hulle hardloop op die muur. Hulle klim in die huise, hulle gaan by die vensters in soos 'n dief.
10 Die aarde sal voor hulle bewe, die hemelsal skud. Die son en maan word donker, en die sterre trek hulle glinstering terug.
11 En יהוה sal Sy stem voor Sy leër verhef, want Sy leër is geweldig groot, want magtig die dader van Sy woord. Want die dag van יהוה is groot en uitermate vreeslik, en wie kan dit verduur?
12 "Maar selfs nou", sê יהוה, "keer terug na My met julle hele hart, en met vas en met gehuil en met getreur."
13 En skeur julle hart en nie julle klere nie, en keer terug na יהוה julle Elohim, want Hy bewys guns en is barmhartig, geduldig en groot van goedheid, en Een wat berou het oor die teëspoed.
14 Wie weet – Hy mag omdraai enl berou hê, sodat Hy 'n seën agterlaat, 'n graanoffer en 'n drankoffer aan יהוה julle Elohim?
15 Blaas die ramshoring op Tsijon, sonder 'n vasdag af, roep 'n vergadering saam!
16 Versamel die volk, sonder die gemeente af, vergader die oudstes, versamel die kinders en die suiglinge! Laat 'n bruidegom uit sy kamer kom en die bruid uit haar slaapkamer.
17 Laat die priesters, die dienaars van יהוה, tussen die voorportaal en die altaar huil en sê: "Spaar, יהוה, U volk, en moenie U erfdeel aan vernedering oorgee, sodat die heidene hulle regeer nie. Waarom sou hulle tussen die volke sê: 'Waar is hulle Elohim?'"
18 En laat יהוה jaloers wees vir Sy land en Sy volk bejammer.
19 En laat יהוה antwoord en aan Sy volk sê: "Kyk, Ek stuur vir julle graan en mos en olie, en julle sal daarvan versadig word. En Ek maak julle nie meer 'n voorwerp van vernedering onder die heidene nie.
20 "En Ek sal die Noordlikes, van julle af verwyder en dit wegdryf na 'n droë en verlate land, sy voorkant na die oostelike see en sy agterkant na die westelike see. En sy stank sal opstyg, en 'n slegte reuk uit hom opgaan, want hy het groot dinge gedoen!
21 Moenie bang wees nie, grond, juig en wees bly, want יהוה doen groot dinge!
22 Moenie bang wees nie, diere van die veld, want die weivelde van die woestyn spruit uit, want die bome dra hulle vrugte, die vyeboom en die wingerdstok lewer hulle krag!
23 "Dan sal julle, kinders van Tsijon, bly wees en in יהוה julle Elohim juig, want Hy sal aan julle die Leraar van Geregtigheid gee en die reën op julle laat afkom, die vroeë reën en die laat reën, soos voorheen.
24 "Dan sal die dorsvloere vol graan wees en die vate sal oorloop van mos en olie.
25 "En Ek sal julle vergoed die vir jare wat die sprinkaan, die voetganger, die kaalvreter en die afknyper verslind het - My groot leër wat Ek teen julle gestuur het.
26 "En julle sal eet – eet en versadig wees – en die Naam van יהוה julle Elohim prys wat wonderbaarlik teenoor julle opgetree het. En My volk sal in ewigheid nie skaam

© Kopiereg 2004 Ware Verbond – Proeflees uitgawe

wees nie.
27 "En julle sal weet dat Ek in die midde
van Jisra'ěl is, en dat Ek יהוה julle Elohim
is, en niemand anders nie. En My volk sal
in ewigheid nie skaam wees nie.
28 "En daarna sal Ek My Gees uitgiet op
alle vlees. En julle seuns en julle dogters
sal profeteer, julle ou mense drome
droom, julle jongmense visioene sien.
29 "En ook op die dienaars en op die
dienaresse sal Ek in daardie dae My Gees
uitgiet.
30 "En Ek sal tekens gee in die hemele en
op die aarde: bloed en vuur en rook-
wolke.
31 "Die son sal verander in duisternis en
die maan in bloed, voor die groot en
vreeslike dag van יהוה kom.
32 "En elkeen wat die Naam van יהוה
aanroep, sal gered word.[a] Want op die
berg Tsijon en in Jarushalajim sal daar
verlossing[b] wees soos יהוה gesê het, en
tussen die oorblywendes, die wat יהוה sal
roep.

3 "Want kyk, in daardie dae en in daar-
die tyd wanneer Ek die ballingskap van
Jahuda en Jarushalajim verander,
2 dan sal Ek al die heidene versamel en
hulle afbring na die Vallei van Jahóshafat.
En Ek sal hulle daar oordeel oor My volk
en My erfenis, Jisra'ěl wat hulle tussen
die heidene verstrooi het, en My land wat
hulle verdeel het.
3 "En hulle het die lot oor My volk gewerp
en 'n jong seun vir 'n hoer gegee en 'n
meisie verkoop vir wyn en dit gedrink.
4 "En ook, wat is julle vir My, Tsor en
Tsidon en al die landstreke van Paleshet?
Wil julle My vergeld? En indien julle My
wil vergeld, sou Ek vinnig terug keer en
julle dade op julle kop laat neerkom.
5 "Want julle het My silwer en My goud
geneem en My kosbare skatte in julle
tempels gebring.
6 "En julle het die seuns van Jahuda en
die seuns van Jarushalajim aan die seuns
van Jawan verkoop, om hulle ver van hul
gebied te verwyder.
7 "Kyk, Ek sal hulle laat opstaan uit die
plek waarheen julle hulle verkoop het, en
Ek sal julle dade op julle kop laat terug
keer.
8 "En Ek sal julle seuns en julle dogters
aan die seuns van Jahuda verkoop, en
hulle sal hul aan die Sheḇeërs verkoop,
aan 'n verafgeleë volk. Want יהוה het
gepraat."
9 Roep dit uit tussen die heidene, "Maak
gereed vir oorlog! Maak die helde wakker,
laat al die krygsmanne nader kom, laat
hulle opkom!
10 "Smee swaarde van julle ploë en
spiese van julle snoeimesse, laat die
swakke sê: 'Ek is sterk.'"
11 Haas julle en kom, alle heidene en
versamel julle rondom. Laat U helde,
יהוה, daarheen aftrek!
12 "Laat die heidene aangewakker word
en optrek na die Vallei van Jahóshafat.
Want daar sal Ek sit om oor al die
heidene reg rondom te oordeel.
13 "Steek die sekel in, want die oes is ryp!
Kom, gaan af, want die parskuip is vol,
die vate loop oor, want hulle boosheid is
groot."
14 Massas, massas in die vallei van
beslissing! Want die dag van יהוה is naby
in die vallei van beslissing!
15 Die son en maan word donker, en die
sterre trek hulle glinstering terug.
16 En יהוה sal uit Tsijon brul, en Sy stem
uit Jarushalajim verhef. En die hemele en
aarde sal bewe, maar יהוה sal 'n toevlug
wees vir Sy volk en 'n vesting vir die
kinders van Jisra'ěl.
17 "Dan sal julle weet dat Ek יהוה julle
Elohim is, wat op Tsijon woon, My

[a] Hand 2:21; Rom 10:13
[b] Jes 4:2-3; Oḇad :17; Opb 14:1

© Kopiereg 2004 Ware Verbond – Proeflees uitgawe

afgesonderde berg.[c] En Jarushalajim sal afgesonderd wees en vreemdelinge sal nie meer deur haar trek nie.
18 "En op daardie dag sal die berge drup van mos en die heuwels vloei van melk. En al die spruite van Jahuda stroom met water, en 'n fontein sal uit die Huis van יהוה kom om die vallei Shittim nat te maak.

19 "Mitsrajim sal 'n verwoesting word, en Edom 'n verwoeste wildernis, weens die geweld wat hulle aan die kinders van Jahuda gedoen het, wie se onskuldige bloed hulle in hul land vergiet het.
20 "Maar Jahuda sal vir ewig bly, en Jarushalajim van geslag tot geslag.
21 "En Ek sal hulle bloed reinig, wat Ek nie gereinig het nie.[d] En יהוה sal in Tsijon woon!

[c] 3:21; Jes 12:6; 16:5; 46:13; 52:8; 59:20; Teh 102:16; Jeḥez 43:7-9; Mig 4:7-8; Tsef 3:14-17; Zeḵ 1:16-17; 2:10; 8:3-8; 14:1-11; Hand 1:6-7; Opb 21

[d] Of "En Ek sal hulle bloed wreek, wat Ek nie gewreek het nie."

© Kopiereg 2004 Ware Verbond – Proeflees uitgawe